

Gereformeerde Kerk Bellville – 24 Julie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 91:1, 3 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 3 Geen vrees, wanneer by donker nag / die skrik 'n mens laat bewe;
geen vrees, wanneer die pyl oordag / geswind kom aangeswewe.
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi / verslaan in middagstonde,
of as die pes sy gifkiem strooi / by nagtelike ronde.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys
het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou
nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Gebed

Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Skriflesing: Lukas 22:31-34, 54-62; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 6

Kernvers: Lukas 22:61-62

**En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die
woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan
kraai, sal jy My drie maal verloën. En Petrus het buitentoe gegaan en
bitterlik geween. (Lukas 22:61-62 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 6

*God wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uit-
verkieping sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle
jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van
die aanneming en uit die staat van regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die
sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat,
hulleself in die ewige verderf stort nie.*

'n Verduideliking by artikel 6

Na die dieptepunt van artikel 5 waarin ons bely wat die gevolge van die growwe sondes van die uitverkorenes is, kom ons eers weer by die genade van God uit. En nou bely ons nie sommer maar net dat die Here genadig is nie. Ons bely hier van die diepte van God se genade vir sy gevalle kind.

Ons staan om die waarheid te sê stomgeslaan oor die grootheid van God se liefde en genade hier by artikel 6. In artikel 4 het ons begin bely oor wat gebeur wanneer 'n bekeerde mens nie meer waak en bid soos wat hy behoort te doen nie. So 'n mens val in swaar en growwe sondes. Dawid en Petrus word by name in daardie artikel genoem as voorbeelde van gelowiges wat so in sonde geval het.

Wanneer dit gebeur is daar gevolge. Van hierdie gevolge bely ons in artikel 5. Die gevolge is in werklikheid die hand van God wat swaar op sy kind druk, soos Dawid dit in Psalm 32 sê. Hierdie gevolge is regtig nie aangenaam nie. Jou geloofslewe het 'n knou gekry. Jy begin wonder of dit die moeite werd is om aan te hou glo, want jy kry nie meer reg om die Here Jesus getrou in sy voetspore te volg nie. Jou gewete kla jou voortdurend aan. Naderhand begin jy vir jouself sê dat jy nie werd is om ooit die Here se kind te wees nie. Van bid kom daar ook nog weinig tereg, want die kere wat jy nog bid voel dit asof jou gebed nie verder as jou kamer se plafon gaan nie.

Dit voel naderhand of die band wat tussen God en die gelowige is, uitgerek is soos 'n rekkie wat op die punt is om te breek. Daar is nie meer uitsig of hoop nie, want rondom jou word dit gitswart donker.

Gelukkig hou ons belydenis in artikel 5 nie op daardie droewe noot op nie. In die laaste deel van daardie artikel bely ons dat hierdie gevolge voortduur totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor die gelowiges laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer.

Dit is daardie woordjie *totdat* wat maak dat 'n mens jou asem wil ophou. Hoe ver is totdat? Hoe lank gaan dit vat voordat hierdie totdat aanbreek?

Die antwoorde op hierdie vrae vind ons nie in artikel 6 nie. Maar ons bely hier wat God met sy kind doen in die tyd voordat die tyd van die totdat aanbreek. Hoor net wat bely ons oor wat God doen:

- Hy neem sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie.
- Hy laat hulle nie so diep val dat hulle uit die genade uitval nie.
- Hy laat hulle ook nie uit die staat van regverdiging uitval nie.
- En Hy laat nie toe dat hulle die sonde teen die Heilige Gees pleeg nie.

Dit doen die Here met sy kind selfs in sy jammerlike sondeval. Alhoewel God heilig is, gril Hy nie om nog steeds sy kind vas te hou terwyl hy self sy lewe so liederlik bevuil het nie. Selfs wanneer die gelowige in sy jammerlike val dink dat die Here hom nou geheel en al gelos het, hou die Here hom steeds vas. Hoekom? Omdat Hy oneindig barmhartig is en sy ewige besluit om hierdie mens uit te kies onveranderlik is.

Tema: Die Here hou vas omdat Hy 'n onveranderlike besluit geneem het

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, mense se oë is veelseggend. 'n Mens kan in iemand se oë sien hoe hy voel. Iemand wat bly en gelukkig is se oë blink. Wanneer

iemand bedruk is, lyk sy oë dof. 'n Mens het nie 'n kursus nodig om te verstaan wat mense se oë sê nie. Die Here het aan ons die gawe gegee om te verstaan wat iemand aan ons wil sê net met die manier waarop daardie mens na ons kyk. Elkeen van ons sal 'n lang lys kan maak van alles wat ons net met ons oë kan sê. Toe die haan gekraai het, het Jesus omgedraai en na Petrus gekyk. Wat het Petrus alles in die Here se oë gesien?

Vroeër daardie aand het Petrus nog vol bravade en baie selfvoldaan teenoor die Here gesê dat hy selfs bereid is om saam met Hom die dood in te gaan. Maar ons lees dat Petrus op 'n afstand gevolg het toe die wagte van die hoëpriester vir Jesus weggelei het. Petrus het die Here darem nog nie heeltemal in die steek gelaat nie, maar hy kom ook nie te naby aan Jesus nie en hy staan ook nie op vir Jesus nie. En met elke antwoord op die vrae daar in die binneplaas van die hoëpriester se huis tree Petrus nog verder van Jesus af weg. Totdat hy asof met 'n eed vir sy ondervraers sê: Ek sweer dat ek daardie Man nie ken nie.

Terwyl Petrus homself nog teen die derde bewering dat hy een van Jesus se dissipels is, verweer, het die haan gekraai. Lukas beskryf dit asof Petrus nie regtig agtergekom het wat sopas gebeur het nie. Hy besef nie dadelik dat hy sopas ver en diep geval het nie. Hy hoor die haan kraai, maar hy hoor dit ook nie. Hoeveel maal bevind ons onself nie ook in so 'n situasie nie? Jy sien dat jy gruwelik teen die Here in opstand gekom het deur te maak asof jy nie God se kind is nie en Hom nie ken, maar die besef dring nog nie regtig tot jou deur nie. Terwyl Petrus nog praat, het daar 'n haan gekraai.

Lukas teken die kontras tussen Jesus en Petrus baie skerp. Jesus staan voor die Joodse Raad en aarsel nie wanneer Hy getuig dat Hy die Christus, die Seun van God is nie. Petrus, aan die ander kant, wil nie teenoor 'n diensmeisietjie erken dat Jesus die Christus is en sy Here nie.

En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou. (Lukas 22:61 AFR53)

Petrus het daardie kyk van Jesus nooit vergeet nie. Maar wat het Petrus daardie nag in die heilige oë van sy Here gesien? Die eerste wat Petrus in die Here se oë gesien het, is diepe smart en pyn. *O Petrus, watter pyn het jy My aangedoen.* Die tou wat om sy polse geknel het, die vuishou wat Hom toegedien is, was vir Jesus seer, maar nie so seer soos die pyn toe Judas Hom met 'n soen verraai en Petrus Hom verloën het nie. Deur sy eie mense is Hy verstoot en verag. So het in vervulling gegaan die profesie oor die Knecht van die Here (Jes 53:3). Jesus het nou iemand geword met wie niemand iets te doen wil hê nie, nie eers sy eie dissipels nie.

Dit is seker net 'n ouer wat regtig iets van hierdie pyn kan begryp. Jy het jou kind opgevoed en versorg. Sy trane afgedroog toe hy seer gekry het. Sy hartseer saam met hom gedeel, saam met hom gelag. En op 'n dag skaam hy hom vir jou en sê: Ek weet nie waarvan jy praat nie, ek ken die mens nie!

Durf ons vir Petrus skud en vra: Wat het jy nou aangevang? Nee, ons kan dit nie doen nie. Natuurlik is ons stom van verbasing wanneer ons hoor dat 'n getroue kind van die Here in 'n gruwelike sonde geval het. Maar ons weet self dat 'n mens nie Maandag nog 'n voorbeeldige Christen is en Dinsdag skielik die gruwelikste sondaar denkbaar nie. Die val in sonde gebeur baie geleidelik.

Petrus se val was ook geleidelik. Dit begin gewoonlik wanneer 'n mens nie die reguit en

skerp Woord van die Here wil hoor nie. Net nadat Petrus die baie bekende belydenis aangaande Jesus gemaak het, het Jesus vir sy dissipels gesê dat Hy moet ly en sterf. Dit was Petrus wat nie hierdie harde woorde kon verdra nie en hy het Jesus opsy geneem en Hom bestraf. Vroeër die aand het Jesus gesê dat Petrus Hom gaan verloën, en weer het Petrus Jesus se woorde weerspreek, want dit is te hard om hom daaraan te onderwerp. Wanneer ons gedeeltes in die Bybel begin oorslaan omdat die Here ons in daardie dele skerp aanspreek oor 'n sonde in ons lewens, begin ons ook doen wat Petrus gedoen het. Ons wil ons nie aan die Here se deurdringende woorde onderwerp nie. En dit is waar die geleidelik val in sonde begin.

Voordat ons sê dat ons nooit sal doen wat Petrus gedoen het, moet ons baie mooi dink.

Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. (1 Korintiërs 10:12 AFR53)

Trots is een van die grootste gevare vir 'n Christen. Laat ons daarom eerder dink aan die talle kere toe ons ook die Here verloën het. In plaas daarvan om uit te staan as 'n verlore kind van God, het ons eerder deelgeneem aan die doen en late van die wêreld, want ons wil nie hê dat mense ons aanstaar nie. Dink aan daardie kere toe ek en jy tjoepstil gebly het en nie ons monde oopgemaak het nie toe ons moes getuig: Jesus Christus is Here, Hy is die enigste en volmaakte Verlosser! Terwyl ons dit onthou, sien ons die hartseer en droefheid in Jesus se oë? Is daardie kyk in Jesus se oë nie genoeg om ons terug te roep en Hom vas te gryp van daar waar ons geval het nie? Kom en vra Hom om vergifnis vir die on-uitspreeklike pyn wat ek en jy Hom aangedoen het. Hy het sy lewe lank op aarde, maar veral aan die kruis, oor my en jou sonde gely.

Petrus sien ook die ernstige vermaning in Jesus se oë. Jesus het hom ernstig gewaarsku. Nie net een maal nie, maar 'n paar maal daardie nag.

Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.
(Lukas 22:31 AFR53)

Later in die tuin weer:

Wat slaap julle? Staan op en bid, dat julle nie in versoeking kom nie.
(Lukas 22:46 AFR53)

Nou sien Petrus in Jesus se oë die vermaning: Petrus, as jy tog maar na My waarskuwing geluister het. Petrus beseft hy het nie vir die Here geluister nie, daarom het hy nou so ver geval.

Hoeveel keer het die Here nie ook al vermanend na ons gekyk nie? En in sy oë sien ons dan die vrae: Het jy gewaak en gebid? Het jy na my waarskuwing geluister? Waarom het jy dan sover gegaan om My te verloën?

Geliefdes, as ek en jy in die versoeking geval het, was dit nie omdat die Here ons nie gewaarsku het nie. Hy het ons gewaarsku en Hy doen dit keer op keer. Ons val omdat ons nie waak en bid nie. Ons verslap en dan is dit vir die duiwel maklik om ons in die versoeking in te lok. Ons is eerder besorg oor wat mense van ons sal dink as om die Here te vrees. Kom, kyk hoe vermanend is ons Here se oë op ons gerig. Laat ons met skuldbelydenis aan sy voete val.

Petrus sien nie net droefheid en vermaning in Jesus se oë nie. Hy merk ook iets op wat vir 'n mens onbegryplik is. In Jesus se oë sien hy ook vergewende liefde raak. Dit is die liefde waarvan die Here vroeër daardie aand gepraat het toe Hy gesê het:

Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie. (Lukas 22:32 AFR53)

Dit is wat Petrus in die oë van Jesus lees: Petrus, jy het ver geval, maar Ek het jou nog altyd lief.

Broers, susters en kinders, dit is oë wat van vergewende liefde straal wat die Here ook op jou en my rig. Dit is liefde ondanks ons sondes teen Hom. Kyk en sien hoe sê sy heilige oë dit vir ons: My kind, jy het diep en ver geval, jy het My onuitspreeklike hartseer besorg, maar ondanks dit het Ek jou nog altyd lief. Kom terug na My toe, Ek wag vir jou. Roep die Here se liefdevolle oë jou en my dan nie ook terug van waar ons geval het nie?

Toe Jesus Petrus aangekyk het, het sy oë nie net iets vir Petrus gesê nie. Sy kyk het iets aan Petrus gedoen. Jesus se oë het Petrus se siel deurboor en sy hart verwond. Net in daardie enkele oomblik wat Petrus Jesus se oë gesien het, is alle hoogmoed en selfvoldaanheid afgebreek. Daar is geen bravade meer nie. Petrus leer homself in Jesus se oë ken en hy weet oombliklik dat hy 'n swakke sondaar is.

En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween. (Lukas 22:62 AFR53)

Die Here se oë dryf Petrus uit na die alleenheid om sy sonde te betreur. Sodra daar egte skuldgevoel is, kom daar 'n verlange na alleenheid. Maar solank as wat ons dit in die gedruis van die massa kan uithou, is die berou nog nie so groot nie. Eers wanneer die seer en pyn van jou misdaad in jou brand, wil jy van mense af wegvlug om alleen met die Here te wees.

Die Here se blik werk ook berou in Petrus se hart. Dit is die verskil tussen Judas en Petrus. Judas het spyt gekry, spyt omdat hy 'n fout gemaak het, spyt omdat dit verder gegaan het as wat hy gemeen het dit moes gaan. Maar by Petrus het die Here egte berou gewerk. Petrus het bitterlik gehuil omdat hy sy Here leed aangedoen het.

O, mag die Heilige Gees maak dat ons vanaand die heilige oë van Jesus sien. Mag sy oë ook in elkeen van ons so 'n kragtige uitwerking hê soos by Petrus. Mag die Heilige Gees ons aanhoudend aan die troue liefde van die Here herinner. Die Here se liefde en trou is al rede hoekom die rekkie nie breek as hy tot op sy uiterste uitgerek is nie.

Maar, geliefdes, waar bring Jesus se kyk vir Petrus? Petrus het uitgegaan en bitterlik gehuil, maar hy het nie weggeraak nie. Jesus het immers vir hom gebid. Daarom bring Jesus se blik Petrus tot ootmoed. Ootmoed is om skaam te wees.

Wanneer die Heilige Gees berou in ons hart werk sodat ons net eenkant alleen met die Here wil wees, kom ons tot skaamte. 'n Ootmoedige mens sien nie eers kans om na die Here op te kyk nie, want hy is skaam oor die leed wat hy die Here aangedoen het. En hy is skaam, want die Here het nog soveel liefde vir hom oor dat Hy hom terugroep ondanks die misdaad.

Maar Jesus se oë bring Petrus ook tot sekerheid dat dit nie net Jesus is wat hom nog liefhet nie, maar dat die Heilige Gees ook nog in hom liefde vir die Here opwek. Dit is immers omdat hy die Here nog liefhet dat hy so bitter hartseer is oor sy sonde.

Broer, suster en kind, Jesus se oë is vanaand steeds op ons gerig. Ons sien dit miskien nie soos Petrus dit gesien het nie, maar met hierdie woorde in Lukas wys die Heilige Gees Jesus se oë vir ons:

- Huil maar as jy geval het, want die misdaad is ontsettend groot.
- Huil maar, want jy het die Here groot droefheid besorg.
- Huil maar, want jy het nie geluister toe Hy jou gewaarsku het nie.
- Huil maar, ... maar moenie wanhopig word nie. Jesus Christus het jou nog steeds hartlik lief. En soos wat Hy vir Petrus gebid het, bid Hy steeds vir elkeen vir wie Hy aan die kruis gesterf het.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Psalm 103:6, 7 (p. 505)

- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit ewige mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Julie 2016